

MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG, 7 MAART 2018 OM 13H00 TE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

1. OPENING EN VERWELKOMING

Frik Nel open met gebed en Andre Smit van Rheeboek Village word verwelkom.

2. PRESENSIE

Die presensielys word gesirkuleer. Verskoning ontvang van Cecil Barry en bedanking van B Maritz

3. LIEF EN LEED

Flippie Bezuidenhout gaan vir rugoperasie. Jasper van Zyl se vrou nie gesond.

4. GOEDGEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Goedgekeur en aanvaar

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 Skrywe ontvang van Johan Muller aangaande 5 persone wat waterlesings neem. Rdl Anton Dellelijn verduidelik dat die nuwe mense met opleiding besig is.

5.2 Buks Pieterse vra dat lede moet nadink/besin oor die toekomstige rol van die Belastingbetalersvereniging sodat dit sinvol bespreek kan word by volgende vergadering. Die Voorsitter stel voor dat enige voorstelle/gedagtes/idees aan hom ge e-pos word.

5.3 Rdl Annatjie J van Rensburg gee terugvoer oor al die nodige kennisgewings, padtekens ens. betreffende die paaie wat gebruik gaan word tydens die opknapping van die R102. Spesiale aandag sal geskenk moet word by die kruising van Seester en Impalaryaalaan aangesien daar baie meer verkeer gaan wees en nie almal by die stopteken stop nie.

INLIGTING IS OP DIE WEBWERF (onder projekte)

6. AANVULLENDE AGENDA

6.1 Oortreding van bouregulasies op boupersele - die vergadering voel dat dit belangrik is vir die bouinspekteur om ons vergaderings by te woon aangesien hy die verantwoordelike persoon is wat moet terugvoering gee in hierdie verband. Onwettige ingange in Impalaryaalaan word sedert Januarie 2018 aangespreek en nog geen uitsluitel/oplossing/antwoord is ontvang nie.

6.2 Tuinafval in swartsakke - Tot einde Junie 2018 sal matige tuinvullis (NIE IN SWARTSAKKE) per huis nog verwyder word alhoewel huiseienaar self verantwoordelik is vir die verwydering daarvan. Skrywe van Elize Nel is ontvang wat verduidelik dat o/a dik stompe in swartsakke verantwoordelik is vir skade aan die hidroliese meganismes van die voertuie. Daar word voorgestel dat die stortingsterreine by Groot Brakrivier of in Louis Fourie vir die aflaai van die tuinvullis gebruik word aangesien dit nie 'n funksie van die munisipaliteit is om tuinvullis te verwyder nie. Die moontlikheid van groen sakke vir tuinvullis wat voorsien word en deur kontrakteurs verwyder word soos die blou sakke tans. Dalk kan skips strategies geplaas word vir gebruik om te verhoed dat dit orals net gestort word. Daar word ook voorgestel dat kennisgewings by die maandelikse nuusbrieff van die Munisipaliteit ingesluit word om inwoners op hoogte te hou van die nuutste besluite.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

7.1 - Stormwatersloot Kusweg - Geen fondse huidiglik geallokeer vir herstel daarvan. Rdl Anton verduidelik dat besluite om dit te laat ontstaan deur proffesionele/kundiges geneem word en dat dit herstel sal word wanneer fondse beskikbaar sal wees. Tydelike herstel vind intussen plaas.

7.2 Die aanbring van groter/duideliker aanwysings na die Thusong sentrum word weer met die Raad opgeneem.

7.3 Herseelprogram van srate -Skrywe ontvang van Karel Venter en is beskikbaar op die webwerf.

7.4 Duineversteuring - staan oor aangesien Francois Thiant nie teenwoordig is nie.

7.5 Saalhuur vir vergaderings. Deposito van R750 is betaalbaar en R68 per maand. Rdl Anton en Annatjie onderneem om die maandelikse fooi vir ons te betaal. Voorsitter sal egter skrywe rig aan Dir Elize Nel.

7.6 Visitekaartjies -Kunswerk alreeds goedgekeur, wag vir kwotasies.

7.7 Selfoontoring - Proses moet van voor af begin deur korrekte publiekedeelname proses te volg.

8. WEBSITE INSTANDHOUDING - Claus Ulrich

E-posadres - info@midbrakratepayers.co.za Anton onderneem om nuwe ledefoto te neem vir web.

9. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEE-RAADSVERGADERING

George Nezar en Mike Wray onderneem om steeds die vergadering maandeliks by te woon.

10 . WYKSKOMITEES TERUGVOER -

Versoek word gerig aan Rdl Anton Dellelijn vir die skoonmaak van die area langs en agter die saal vir ontspanning en sekuriteitsdoeleindes as projek van wyk 5.

11. PROJEKTE - HERBOU VAN R102

Rdl Annatjie J van Rensburg gee alle inligting deur aangaande die herbou van R102 en is dit alreeds op die webwerf beskikbaar.

12. FINANSIES

Balans soos op 4/1/2018 - R14,913

13. POLISIERING/BUURTWAG – Jacques gee terugvoer van afgelope tyd. Park in Albertiniaweg moet skoon gemaak word as voorsorg vir sekuriteitsrisiko.

Die Voorsitter bedank diegene betrokke vir onbaatsugtige diens

14. BEWAREA - Geen verslag

15. PLAASLIKE SAKE

15.1 **de Lange Uitbreiding** - Ann Pretorius - sypadjies voor en agter St Ellen kort aandag - Anton

15.2 **Toekoms** - Donovan Classen - nie teenwoordig

15.3 **Rheebok Village/Groenkloof** - Andre Smit

Rdl Annatjie J van Rensburg onderneem om probleme met eiendomsbelasting en die instandhouding van paaie in die ontwikkeling verder te voer en voorsitter sal ook skrywe rig aan ontwikkelaars oor paaie se instandhouding en moontlike probleem met beheerde toegang vir bv vullisverwydering.

15.4 **Fraaiuitsig** - Frik Nel en Charl Coetzer

Stortingspunt vir **elektroniese afval alleen** - Hotspot Computers, Industryweg 14, Voorbaai

15.5 **Tergniet** - Francois Thiant - nie teenwoordig

15.6 **Tergniethoogte** - Mike Wray en George Nezar

Sloot oor pad in Seesterlaan wat opgevolg is met teer sak al hoe meer – Anton hanteer

15.7 **Reebokhoogte** - Jaques Radley

15.8 **Reebokrif** - Buks Pieterse en Flippie Bezuidenhout

15.9 **Reebok - Noord van spoorlyn** - Johan Lotter

- **Suid van spoorlyn** - Cecil Barry – Verskoning gemaak

15.10 **Klein Brakrivier** - Robbie Landers en Pieter le Roux - nie teenwoordig

15.11 **Riverside** - Jasper van Zyl - nie teenwoordig

16. KORRESPONDENSIE - geen

17. ALGEMEEN: INDELING VAN PORTEFULJES

Verkeerstekens en spoedhobbels, ontbrekende straatname, spoedbeperkings/monitering, gate in strate, herseel en teer van strate - **FRIK NEL frikn@mweb.co.za**

Skoonmaak van erwe - **CHARL COETZER - charl41@vodamail.co.za**

Onaanvaarbare strukture - **PIETER LE ROUX - admin@dekaap.co.za**

Rampbestuur- **BUKS PIETERSE buksorne@gmail.com**

18. DIE VOLGENDE VERGADERING VIND PLAAS OP WOENSDAG, 4 APRIL 2018 OM 13h00 BY DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

AKTIWITEITSLYS 2018

<u>ONDERWERP</u>	<u>BESPREKING</u>
1. Midbrak N2/R102 Ontwikkeling- voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting.	September 2018
2. Sake by Munisipale Regsafdeling:	Rdl Anton
a) Tennisbane - Klein Brakrivier (navraag oor eiendomsreg	September 2018
b) Erf 264 en 271 Reebok (vordering van eiendomsreg)	September 2018
3. Hinderlike reuke - Rheebok Stene	Rdl A J van Rensburg volg op en George Nezar volg op met Elize Nel
4. Reebokrif HEV	Afspraak vir vergadering met Munisipale Bestuurder, regsafdeling en Carel Venter vir regsopinie – Annatjie sal reël.